**Skriflesing:** Matteus 5:9-12; 1 Petrus 2:11-12
Geseënd is die vredemakers en elkeen wat ter wille van Christus vervolg word.

**Inleiding**
In die tyd van Jesus se eerste preek het dit, soos vandag, nie net goed gegaan in gemeentes nie. Matteus skryf vir broers wat vir mekaar kwaad is en regsgedinge teen mekaar oorweeg. Die vroeë gemeentes is ook ter wille van hulle geloof vervolg en verdruk. En Palestina was 'n see van opstandigheid teen die Romeinse oorheersing.
Vir hierdie Christene preek Jesus om nie die menslike ding te doen nie. Hulle moet nie dié vyandskap verder aanblaas nie, maar eerder met almal vrede maak. "Vredemakers" is 'n woord wat net hierdie een maal in die Nuwe Testament gebruik word.

Kinders van die Here is meer as net vredeliewend. Ons is aktiewe vredemakers. Ons wy ons lewens daaraan om vrede te bring waar daar onvrede is tussen mense en God en tussen mense en mense.

**Wat is vrede?**
Vrede is iets wat binne-in jou begin. Dit is vervulling met Goddelike rus en kalmte. Ons lees iets hiervan in Filippense 4:6-7: "Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus."

**Waar begin hierdie vrede?**
God 3-enig rus ons toe met sy vrede.
Ons het reeds in Filippense 4:7 gelees van die vrede van God.
Jesus het aarde toe gekom om vrede te bring. In Johannes 14:27 sê Hy: "Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie."
Vanoggend word ons ook by nagmaal daaraan herinner dat Hy die groot Vredemaker is.
En deel van die vrug wat die Heilige Gees in ons werk, is vrede: "Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede…" (Galasiërs 5:22)
Ware vrede is eers moontlik wanneer jy in lewende geloofsverhouding met die Vader, Seun en Heilige Gees staan.
In 'n intieme geloofsverhouding met die Vader, Seun en Heilige Gees, maak Hy sy vrede deel van jou DNS. Dan kan ons nie anders as om 'n vredemaker wees nie.

**Wat beteken dit prakties om 'n vredemaker te wees?**
'n Vredemaker is iemand wat aktief vrede maak waar daar vyandskap is. Hier is twee praktiese voorbeelde daarvan uit die Bybel:
"As jy dus jou gawe na die altaar toe bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer en kom dan en bring jou gawe." (Matteus 5:23-24) Let daarop dat dit nie gaan oor jou wat iets teen jou broer of suster het nie, maar hulle wat iets teen jou het. Voor jy erediens of nagmaal toe kom, moet jy eers met hulle gaan regmaak.

In Romeine 12:17-18; 21 lees ons: “[17]Moenie kwaad met kwaad vergeld nie. Wees goedgesind teenoor alle mense. [18]As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense. [21]Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.”
Dit is wat vredemakers doen.

**En ons as vredemakers, het ‘n eretitel. Ons sal kinders van God genoem word.**
God is groot vredemaker. Wanneer ons vrede maak, sal mense sien dat ons na God, ons Vader, aard. En hulle sal ons sy kinders noem. Dit is natuurlik ook wat God ons noem.

In die laaste saligspreking sê die Here dat ons as kinders van die Here, vervolg sal word.

Daar is onder Skrifverklaarders konsensus dat hierdie laaste saligspreking terugverwys na die voorafgaande sewe.
As ons in alles kinderlik afhanklik van God is, soveel erns maak teen sonde dat ons daaroor huil en huil oor pyn en swaarkry wat sonde in die wêreld veroorsaak, ‘n sagte moed het en net fokus op wat reg is en doen wat God vra, ons met ‘n oop hart en hand leef, onsself rein hou en ‘n vredemaker is, sal ons vervolging ervaar. As ons so, anders as die sondige wêreld, tot eer v Here leef, sal ons vervolg word.

Ons moet nie daaroor verbaas wees nie. Jesus aanvaar dit as ‘n gegewe dat iemand wat sy wil ernstig opneem en dit uitleef vervolg sal word.
Só was dit met die profete. Só was dit met Jesus. Ons is tog nie belangriker as Hy nie. Só sal dit met ons as vreemdelinge en bywoners in hierdie wêreld wees. (1 Petrus 2:11-12)
Dietrich Bonnhoeffer, wat as Christenmartelaar opgehang is, het gesê: “Suffering then, is the badge of true discipleship. The disciple is not above his master ...
If we refuse to take up our cross and submit to suffering and rejection at the hands of men, we forfeit our fellowship with Christ and have ceased to follow Him.”
Ek het sy woorde soos volg probeer vertaal in Afrikaans: “Lyding is dus die kenteken van ware dissipelskap. Die dissipel is nie verhewe bo sy Meester nie ...
As ons weier om ons kruis op te neem en ons aan lyding en verwerping deur die hande van mense te onderwerp, verbeur ons ons gemeenskap met Christus en het ons opgehou om Hom te volg.”

Christelike gemeentes in Jesus se tyd is deur die Romeine vervolg, maar hulle het ook spot, beledigings en verwerping van mede-Jode verduur omdat hulle volgelinge van Jesus geword het.
Vandag ervaar meer as 380 miljoen Christene, dit is 1 uit 7 Christene, aktiewe vervolging en diskriminasie as gevolg van hul geloof in Christus.
Volgens Geopende Deure se 2023/24 verslag is 'n konserwatiewe beraming dat 92% van die 4 476 wêreldwye moorde van Christene weens hul geloof, in Afrika suid van die Sahara plaasgevind het. Altesaam 11 van die 15 lande waar Christene deur gewelddadige vervolging in die gesig gestaar word, is in hierdie streek.

In ons lewens is vervolging meer subtiel. Van ons word openlik bevraagteken dat ons in hierdie moderne eeu nog in goed soos ‘n maagdelike geboorte of ‘n kind in ‘n krip wat ons Verlosser aan die kruis geword het, kan glo.

Ander kere word ons versoek om tog nie so eng te wees nie, ontspan net ‘n bietjie. Vat nog ‘n dop, aanvaar ‘n omkoopgeldjie, kom kuier saam in die klub vol versoekings. Almal doen dit.
Partykeer word agteraf oor jou, wat standpunt vir die Here inneem, geskinder, soms ook deur sogenaamde kerkmense.
Hierdie goed sal nie minder raak nie. Vervolging sal toeneem totdat Jesus weer kom.

Jy moet jou verhouding met die Here ernstig evalueer indien jy nie ook soms een of ander vorm van vervolging ervaar nie.

Daar is ‘n opvallende skuif van Matteus 5:10 na Matteus 5:11, ‘n skuif van “hulle” na “julle”.
Jesus maak dit hier duidelik dat vervolging nie gaan oor “hulle” daar ver nie, maar oor “julle” met ander woorde jou en my.
Jy wat die die kruis en die Woord ernstig opneem. Jy wat Hom hoor en sy wil getrou doen. Jy sal vervolg word.
Geseënd is jy wat bevraagteken of beskinder word omdat jy ‘n Christen is. Ons gaan soms op aarde swaarkry ter wille van die Here en ons geloof in Hom, maar wees bly en verheug want aan ons behoort die Koninkryk van die hemel.
Amen